



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2009

VRYSTAAT

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.


INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	(20)
2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.

**CAROLINE IS 'N WENNER**

1. Caroline Chokoe is 'n vrou wat enigiets sal probeer om suksesvol te wees. Sy het besluit om 'n boer te word, al het sy nie baie daarvan geweet nie.
2. Op skool het sy die basiese dinge van boerdery geleer. Sy het toe 'n groentetuin by haar huis begin waar sy 'n bietjie meer geleer het. In 2001 het sy, sonder formele opleiding in landbou, op 'n plaas by Ga-Matlala in Limpopo begin boer.
3. Dis nie net harde werk wat haar suksesvol gemaak het nie. Sy het eers gekyk watter groente nie op die dorp se mark verkoop word nie, want sy het geweet dat mense graag verskillende soorte groente koop. Die wenresep vir Caroline se sukses is: vraag en aanbod! "Gee vir mense dit wat hulle graag wil hê en jy sal suksesvol wees," glo Caroline.
4. Op 'n halwe hektaar grond het sy met tamaties, groenrissies en kool begin boer en vandag boer sy op 16 hektaar grond. Die plaas voorsien nou elke tweede week 500 kassies tamaties en 200 kassies groenrissies aan die grootste markte. Baie mense in Suid-Afrika koop hierdie produkte. Die besigheid bring daaglik R12 000 profyt in en het so groot geword dat sy drie trokke gebruik om al die produkte na die markte te vervoer.
5. Gemeenskapsdiens is vir Caroline belangrik. Sy voorsien groente aan 27 skoolvoedingskemas in haar omgewing. Verder is daar tien mense uit haar gemeenskap wat op die plaas werk. "Sommige mense gaan nie meer honger slaap nie, want ek betaal hulle," sê Caroline.
6. Alhoewel Caroline so 'n besige en suksesvolle lewe het, besef sy dat 'n mens moet aanhou leer. Sy het haar formele landbouopleiding aan die einde van Februarie 2009 aan die Limpopo Landboukollege voltooi.

[Vertaal en verwerk uit: *Move!*, 7 Januarie 2009]

VRAE:

- 1.1 Waar boer Caroline?
- 1.1.1 Noem die plek. (1)
- 1.1.2 Noem die provinsie. (1)
- 1.2 Waar het Caroline begin leer om met groente te boer? Noem TWEE plekke. (2)
- 1.3 Caroline het min van boerdery geweet. Kies EEN WOORD uit die EERSTE SIN van paragraaf 2 wat dit vir ons sê. (1)
- 1.4
- Voltooi die paragraaf hieronder deur die regte woorde in te vul.
 - Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die KORREKTE WOORD neer.
 - Kies jou antwoorde uit die volgende lysie:
- gelees; soorte; koring; kolleges; werk; skole; gekyk
- Caroline het sukses behaal omdat sy nie bang was om boerdery haar besigheid te maak nie. Sy het eers (1.4.1) ... wat om te doen voordat sy met die besigheid begin het. Sy plant net sekere (1.4.2) ... produkte. Mense in dorpe en (1.4.3) ... in haar omgewing gebruik haar produkte. Caroline se besigheid sorg dat sy baie geld maak, maar die ding wat haar die gelukkigste maak, is die feit dat sy (1.4.4) ... aan ander mense kan gee. (4)
- 1.5 Caroline gebruik 'n groot trok om die groente te vervoer.
- 1.5.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1 uit die leesstuk. (1)
- 1.6 Kies die stelling wat NIE korrek is NIE. Skryf die vraagnommer en antwoord neer.
- Caroline is 'n suksesvolle boer, want ...
- A sy verdien elke maand R12 000.
- B sy verkoop al haar produkte op die dorpsmark.
- C sy verskaf produkte aan 'n skoolvoedingsprogram.
- D sy verskaf werk aan 10 mense. (1)
- 1.7 Caroline se produkte word deur al die mense in die land gebruik.
- 1.7.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.7.2 Motiveer jou antwoord uit die leesstuk. (1)
- 1.8 Wat is die belangrikste les wat Caroline geleer het? (Paragraaf 6) (1)
- 1.9 Waarom sou jy sê dat Caroline 'n wenner is? (1)

[16]

VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae.

CHOLERA: WAT OM TE DOEN

1. Een uit elke twee mense wat cholera kry en nie behandel word nie, sterf binne 'n dag. Aan die ander kant sterf net 1% van die mense wat die regte behandeling kry. Die goue reël is: gaan dadelik dokter toe.
2. Cholera begin met 'n skielike pynlose diarree wat soos ryswater lyk. Dit begin ongeveer 24 tot 72 uur na infeksie. Siekes word dors en kry spierkrampe omdat hulle vinnig baie water verloor. Hul oë sink in en hul vel kry plooië. Hulle moet baie vloeistof drink.
3. Cholera versprei in besmette water. Om jou teen hierdie siekte te beskerm, moet jy jou drinkwater kook of gebottelde water gebruik. Rou groente en vrugte wat nie in skoon water afgewas word nie, kan ook die siekte versprei.
4. 'n Pasiënt se diarree en vomering is hoogs aansteeklik. Maak alles met 'n Jik-oplossing skoon, sodat ander mense nie aansteek nie.

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009]

VRAE:

- 2.1 Elke mens wat cholera kry, sterf.
 - 2.1.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)
 - 2.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.1.1 uit die leesstuk. (1)
- 2.2 Hoe lyk iemand wat cholera het? Noem TWEE dinge. (2)
- 2.3 Daar is cholera in die omgewing. Noem DRIE dinge wat jy sal doen sodat julle dit NIE kry NIE. (3)
- 2.4 Watter advies word gegee aan iemand wat cholera het en baie water verloor het? (1)
- 2.5 Die diarree begin onmiddellik na die infeksie.
 - 2.5.1 Is die stelling hierbo WAAR of ONWAAR? (1)
 - 2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1 uit die leesstuk. (1)

[10]

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

BATHO BUSDIENS		
PAKKETTE VIR DIE WINTERVAKANSIE		
JOHANNESBURG NA DURBAN Retoerrit met ligte etes R500 plus belasting R50		Kies die retoerrit van Johannesburg na Durban en kry 'n 10% KFC-afslagbewys!
JHB NA DURBAN Enkelrit met geen etes	R380 plus belasting R25	Kies die enkelrit van Johannesburg na Durban en skryf in vir 'n kompetisie en wen R1 000
JHB NA KAAPSTAD Retoerrit met ligte etes	R990 plus belasting R70	Kies die retoerrit van Johannesburg na Kaapstad en kry 'n 20% KFC-afslagbewys!
JHB NA POLOKWANE Retoerrit met ligte etes	R400 plus belasting R40	Kies die retoerrit van Johannesburg na Polokwane en kry R100 gratis lugtyd MTN/VODACOM

[Verwerk uit: *Rapport*, 22 Februarie 2009]

VRAE:

3.1 Watter rit is die duurste? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Met hoeveel verskil die belasting tussen die enkel- en die retoerrit tussen Johannesburg en Durban?

- A R 15
B R 20
C R 30
D R 25 (1)

3.3 Wanneer is hierdie vakansiepakette beskikbaar? (1)

3.4 Haal EEN WOORD uit die advertensie aan wat sê dat jy NIE vir die lugtyd sal betaal NIE. (1)
[4]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4**

- Som die *belangrikste* inligting oor 'n suksesvolle onderhoud in *SEWE* volsinne op.
- Skryf die hoofgedagte van elke paragrafie in jou eie sinne neer.
- Moenie die opskrif van elke paragrafie (bv. *LUISTER MOOI*, *PRAAT DUIDELIK*, ens.) net so oorskryf nie.
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde onderaan die opsomming.

KRY DAARDIE WERK**1. LUISTER MOOI**

Luister mooi na die vrae en beantwoord dit direk. Moenie bang wees om te vra dat die vraag herhaal word nie.

2. PRAAT DUIDELIK

As jy vinnig praat, sal die paneel jou moeilik verstaan. Die beste raad is om duidelik en stadig te praat. As jy bang is, haal diep asem. Dit sal jou kalmeer.

3. PRAAT DIE WAARHEID

Dis belangrik dat jy nie in jou CV en in jou onderhoud jok nie. Jy sal uitgevang word en die firma kan jou dan afdank. Jy gaan sukkel om weer werk te kry.

4. JOU PERSOONLIKHEID

Jou persoonlikheid moet pas by die werk waarvoor jy aansoek doen. Jy sal positief wees en met genoeg selfvertroue tydens die onderhoud kan praat.

5. INLIGTING OOR DIE FIRMA

Dis baie belangrik om voor die onderhoud genoeg inligting oor die firma te kry. Sorg dat jy weet hoe die firma funksioneer.

6. KWALIFIKASIES

Kwalifikasies is die sleutel tot sukses. Sorg dat jou kwalifikasies by die pos pas, want dan sal jy jou werk beter verstaan.

7. JOU KLEREDRAG

By die huis kan jy aantrek soos jy wil, maar by die werk is daar ander reëls. Trek professioneel aan en sorg dat jy 'n goeie indruk maak.




[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2009]

AFDELING C: TAAL**VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE**

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae op die volgende bladsy.

Die groep vriende – John, Thandi, Piet en Linda – het saam wildtuin toe gegaan.



[Uit: *Isizulu Sanamuhla*, MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde in VRAAG 5.1 – 5.24 moet **korrek gespel** wees.

Voor 'n interessante (5.1 rys/rit) in die natuur, het die vriende besluit om vleis te braai.	5.1	Kies die regte woord.	(1)
Terwyl John besig was om die vleis (5.2 ...) braai, het Piet (5.3 se/sy) koerant gelees.	5.2	Voltooi die infinitief.	(1)
	5.3	Kies die regte woord.	(1)
Thandi het 'n (5.4 gestreepte/gestreepte) rok aan en hou 'n glasië wyn in haar (5.5 regs + hand). Haar hoed het 'n (5.6 breed) rand wat haar (5.7 teen/vir) die son beskerm.	5.4	Kies die regte spelvorm.	(1)
	5.5	Gee een woord.	(1)
	5.6	Gee die regte vorm.	(1)
	5.7	Kies die regte voorsetsel.	(1)
Linda, (5.8 wat/wie) 'n sigaret rook, gesels lekker met Thandi. Hulle gaan beslis die gebraaide wors en (5.9 blikkies/blikies) bier geniet. As hulle klaar geëet het, sal hulle al die gemors in die (5.10 ...) gooi.	5.8	Kies die regte woord.	(1)
	5.9	Kies die regte spelvorm.	(1)
	5.10	Vul die ontbrekende woord in.	(1)
Na middagete het hulle met die klein (5.11 motor) gery om wild te gaan kyk. Linda het (5.12 haar/sy) hoed vasgehou, want die motor (5.13 met + wat) hulle gery het, se dak was (5.14 toe).	5.11	Gee die verkleiningsvorm.	(1)
	5.12	Kies die regte voornaamwoord.	(1)
	5.13	Gee die regte vorm.	(1)
	5.14	Gee die antoniem.	(1)
Almal was kwaad vir Linda, maar Piet was nog (5.15 kwader/kwaater/kwater) vir haar, omdat sy te veel gedrink het en nie wou stilsit nie. (5.16 A.g.v.) haar gedrag het sy uit die motor geval, toe John oor 'n gat gery het. Sy het (5.17 ernstigste/ernstige/ernstigse) kopbeserings (5.18 opdoen/opgedoen) en moes deur die (5.19 ambulansman) hospitaal toe geneem word.	5.15	Kies die regte woord.	(1)
	5.16	Skryf die afkorting voluit.	(1)
	5.17	Kies die regte woord.	(1)
	5.18	Kies die regte woord.	(1)
	5.19	Gee die meervoud.	(1)
Linda was (5.20 bang) toe hulle haar in die ambulans laai. Dit was die (5.21 driede/derde/drieste) keer dat sy hospitaal toe moes gaan. Sy was gelukkig dat sy deur 'n goeie (5.22 verpleër) gehelp is. Sy kan dankbaar wees, want anders sou sy (5.23 die emmer geskop het/die laaste os gewees het om in die kraal te kom).	5.20	Gee die intensiewe vorm.	(1)
	5.21	Kies die regte woord.	(1)
	5.22	Gee die vroulike geslag.	(1)
Dit sal Linda (5.24 leer/leër) om stil te sit in 'n bewegende motor.	5.23	Kies die gepaste idioom om die sin te voltooi.	(1)
	5.24	Kies die regte woord.	(1)
			[24]

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- Kyk na die prentjie.
- Lees die sinne in die linkerkantste kolom.
- Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf die sinne korrek oor.



[Verwerk uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 21 November 2007]

6.1 Verstaan Marie wat sy moet doen? (Nee, Marie verstaan ... wat sy moet doen ...)	6.1	Beantwoord in die ontkennde vorm.	(2)
6.2 Tendani verduidelik die som aan Pieter. (Môre ... Tendani die som ...)	6.2	Skryf in die toekomstige tyd.	(2)
6.3 Pieter sê vir Tendani: "Jy is baie slim!" (Pieter sê vir Tendani dat ...)	6.3	Skryf in die indirekte rede.	(2)
6.4 Tendani kry al sy somme reg. (Tendani ... al sy somme ...)	6.4	Skryf in die verlede tyd.	(2)
6.5 Die kinders luister mooi. Hulle kry al die somme reg. (daarom)	6.5	Verbind die sinne soos aangedui.	(1)
6.6 Die kinders doen goed, <u>want hulle verstaan die werk</u> . (Waarom ...)	6.6	Voltooi die vraag sodat die onderstreepte deel die antwoord is.	(2)
6.7 Die kinders doen die werk. (Die werk die kinders ...)	6.7	Skryf in die lydende vorm.	(2)

6.8	Hard Pieter en Tendani werk elke oggend. (Pieter en Tendani ...)	6.8	Skryf die sin oor met die korrekte woordorde. Begin soos aangedui.	(3)
6.9	Gaan die kinders nog 'n toets skryf? (Die kinders ...)	6.9	Verander die sin in 'n stelsin.	(1)
6.10	Tendani was bang om te druipe.	6.10	Skryf in die teenwoordige tyd.	(1)
6.11	Die juffrou vra vir Pieter of hy die som verstaan het. (Die juffrou vra: "Pieter, ...?")	6.11	Skryf in die direkte rede.	(2)
				[20]

VRAAG 7: REDIGERING

Kyk na die strokiesprent en beantwoord die vrae.

Ben, Babsie & familie deur Keith en Lorna Stevens

1 Mōre Barnie, hoekom lyk jy so kwaad?

2 Ag Minnie, ek dink my man is besig om my met 'n ander vrou te verkul.

3 Hy kom elke aand laat van die werk af en dan werk hy elke naweek ook!

4 Ek kan sien hy gee nie meer aandag aan my nie.

5 En vanoggend het ek 'n lipstiffiemark aan sy hempkraag gekry!

6 Toe probeer hy my vertel dis tamatiesous!

7 Minnie, wat sou jy in so 'n geval gedoen het?

8 Gmpf! Uitvind wié die **tamatie** is!

[Uit: *RAPPORT-TYDSKRIF*, 22 Julie 2007]

- Lees die sinne in die linkerkantste kolom.
- Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf die sinne korrek oor.

7.1	Môre Barnie, hoekom lyk jy so <u>ongelukig</u> ?	7.1	Maak die spelfout reg.	(1)
7.2	Barnie <u>ken/weet</u> dat haar man haar met 'n ander vrou verkul.	7.2	Kies die regte werkwoord.	(1)
7.3	Sy voel dat haar man nie meer <u>vir/in</u> haar belangstel nie.	7.3	Kies die regte voorsetsel.	(1)
7.4	Hy kom nie elke aand vroeg van die werk af.	7.4	Verbeter die ontkenningsfout.	(1)
7.5	Die man hy het 'n merk aan sy hemp.	7.5	Verbeter die taalfout.	(1)
7.6	<u>Toe hy sê vir my</u> dis tamatiesous.	7.6	Verbeter die woordordefout.	(1)
7.7	Minnie dink Barnie <u>behoort om uit te vind</u> wie die tamatie is.	7.7	Verbeter die taalfout.	(1)
7.8	Barnie se man loop rond want hy is nie meer lief vir haar nie.	7.8	Vul die ontbrekende komma in.	(1)
7.9	Her husband was sorry he did something wrong.	7.9	Kies die REGTE vertaling: A Haar man was jammer hy doen iets verkeerds. B Haar man hy was jammer dat hy doen iets verkeerds. C Haar man was jammer dat hy iets verkeerds gedoen het. D Sy man was jammer dat hy gedoen het iets verkeerds.	(1)
				[9]

VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- 8.1
- Kyk weer na die advertensie op bladsy 6.
 - Beantwoord die vraag.

Kies die REGTE antwoord.

Waarom is 'plus belasting' so klein geskryf?

- A Omdat daar min plek in die advertensie is.
- B Om die indruk te gee dat die kaartjie goedkoper is.
- C Omdat die belasting nie belangrik is nie.
- D Om mense te laat dink dat die kaartjie duur is.

(1)

- 8.2
- Kyk weer na die strokiesprent op bladsy 12.
 - Beantwoord die vraag.

In raampie 8 sê Minnie: "Gmpf! Uitvind wié die **tamatie** is!"

Kies die REGTE antwoord.

As vroue dink dat alle mans lieg en hulle met ander vroue verkul, dan is dit 'n voorbeeld van ...

- A stereotipering.
- B rassisme.
- C apartheid.
- D regverdigheid.

(1)
[2]

VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER

- Kyk na die prente.
- Lees die situasies.
- Voer elke keer die opdrag uit.

9.1 SITUASIE: Die ma en haar dogter sit aan tafel vir aandete. Die dogter wil nie eet nie, want sy hou nie van groente nie. Die ma probeer die dogter **AANMOEDIG** om die groente te eet en **VERDUIDELIK** dat dit gesonde kos is.




[Uit: TVPLUS, 17 Desember 2008]

OPDRAG: Wat sê die ma aan haar dogter om haar aan te moedig om die kos te eet? Met watter woorde verduidelik sy waarom dit nodig is. Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Ma: My kind, ...

(2)

9.2 SITUASIE: Dit is Zakhe se eerste jaar op skool. Sy ouer broer, Mandla, help Zakhe om 'n dasknoop te maak. Zakhe is so **DANKBAAR** dat sy broer hom help. Hy is **TROTS** op sy broer wat so baie dinge kan doen.



[Uit: MOVE!, 7 Januarie 2009]

OPDRAG: Wat sê Zakhe aan sy ouer broer, Mandla, om te wys hoe dankbaar hy vir sy hulp is en hoe trots hy op hom is. Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Zakhe: Ouboet, ...

(2)

- 9.3 SITUASIE: Precious het aansoek gedoen vir 'n pos as sekretaresse. Die bestuurder van die firma bel haar om te sê dat sy die pos as sekretaresse gekry het. Hy WENS haar GELUK en vra haar FORMEEL of sy die pos gaan aanvaar.



[Uit: *Isizulu Sanamuhla*, MM Masondo en NF Zondo Ibanga 6]

OPDRAG: Wat sal die bestuurder se woorde aan Precious wees?
Kies die REGTE antwoord.

- A Bestuurder: Precious, goeie geluk, jy het die pos! Ek wil weet of jy die werk wil vat.
- B Bestuurder: Mejuffrou, veels geluk, u is aangestel! Mag ek weet of u die pos sal aanvaar?
- C Bestuurder: Mejuffrou, baie geluk! Ek wil nou dadelik 'n antwoord hê wanneer jy kan begin?
- D Bestuurder: Precious, goed gedoen! Stel jy nog belang in die pos?

(1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae.

VRAAG 10 en VRAAG 11: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

VRAAG 12 en VRAAG 13: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*.

OF

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VRAAG 10

***ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK* – Abraham H de Vries**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Hoekom hy aan die drink geraak het, het g'n mens geweet nie, miskien omdat g'n mens dit gemerk het voordat dit al taamlik ver boom se kant toe gestaan het met hom nie. Maar ewentwil, toe Barrydale se eerste span daardie Saterdag op my dorp kom speel, toe was Rooikoos Willemse al by dié stadium waarop mens sou kon sê die tier lê hom vas en hy skop nie eens meer nie; die melk lóóp sommer maar net in sy mond in!

- 10.1 Waarom, dink jy, het Rooikoos Willemse die naam Rooikoos gekry? (1)
- 10.2 Wat beteken dit as jy sê dat iemand soek is? (1)
- 10.3 Die titel van die verhaal het 'n letterlike en figuurlike betekenis.
- 10.3.1 Wat is die letterlike betekenis van die verhaal? (1)
- 10.3.2 Wat is die figuurlike betekenis van die verhaal? (1)
- 10.4 Wat was Rooikoos se swak puntjie? (1)
- 10.5 Hoekom het Rooikoos nie meer op sy pa se plaas gewoon nie? (1)
- 10.6 Wie was die persoon wat toegesien het dat Rooikoos kos gekry het? (1)

Toe kry hulle vir hom 'n kamer in die hotel daar, betaal vir hom vir die nag en daar los hulle hom toe. Op die bed uitgetrek, toegemaak, de lot. Nie pajamas nie, dit was nie so koud nie.

- 10.7 Wat was die nommer van die kamer in die hotel in die dorp waar Rooikoos gebly het? (1)

- 10.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die hotel waar Rooikoos hom in die uittreksel bevind het, was ...

- A in die Boland.
B in Barrydale.
C in Rooikoos se dorp.
D by die see.

(1)

- 10.9 Wie het vir Rooikoos die koffie gebring?

(1)

- 10.10 Kies die gebeurtenis uit KOLOM B om by die plek in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.10.1 – 10.10.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
10.10.1 Die hotel in Barrydale	A Die Barrydalers kry die strafskop.
10.10.2 Die rugbyveld in Rooikoos se dorp	B Rooikoos dreig die Barrydalers.
10.10.3 Die hotel in Rooikoos se dorp	C Rooikoos sien homself die volgende dag uitgetrek op die bed.
	D Die Barrydalers kleur Rooikoos se baard.

(3)

- 10.11 Voltooi die volgende paragraaf deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (10.11.1 – 10.11.5) neer.

swart; rooi; blond; Barrydalers; baard; snor; oumense;
dronk; hare; Swartlanders

Rooikoos was in 'n vreemde kamer omdat hy die vorige aand baie (10.11.1) ... geraak het, en die (10.11.2) ... het hom in dié toestand na hulle dorp ontvoer. Daar het hulle sy (10.11.3) ... afgeskeer en sy (10.11.4) ... gekleur. Toe was dit nie meer rooi nie, maar (10.11.5) ...

(5)

- 10.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Aan die einde van die verhaal soek Rooikoos homself omdat hy ...

- A dronk is.
B nie meer weet wie hy is nie.
C kwaad is.
D nie van homself hou nie.

(1)

- 10.13 Watter belangrike les leer jy uit die lewe van Rooikoos?

(1)

[20]**OF**

VRAAG 11**MY BROER SE KRAAI – Chris Barnard**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

My broer had 'n kraai wat hy een oggend vroeg ná die reën in die veld opgetel het. Aan sy vere en sy bek kon ons sien dis 'n baie jong voël wat maar pas uit die nes gekom het. Sy een vlerk het in die storm seergekry en hy was honger en half verkleum en kon glad nie vlieg nie.

- 11.1 Waarmee het die verteller vir die kraai 'n hok gemaak? Noem TWEE dinge. (2)
- 11.2 Noem TWEE maniere waarop die kraai sy woede gewys het. (2)
- 11.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die ander familie het die hok begin vermy, want ...
- A die kraai was nie gelukkig in die hok nie.
B dit was nie meer mooi om na die kraai te kyk nie.
C hulle was kwaad vir die broer.
D die broer wou alleen by sy kraai wees. (1)
- 11.4 Verduidelik hoekom die broer 'n bloedroefie op sy wang gehad het. (2)
- 11.5 Die kraai was na twee dae terug.
- 11.5.1 Sê of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. (1)
- 11.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 11.5.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)
- 11.6 Kies die aktiwiteit uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (11.6.1 – 11.6.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
11.6.1 Simon	A Hy het eers die hand getakel en daarna die vleis.
11.6.2 Vossie	B Hy het vuur gemaak.
11.6.3 Die kraai	C Die perd het hom gekoggel.
	D Hy het elke oggend oor die onderdeur brood kom bedel.

(3)



- 11.7 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woorde in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (11.7.1 – 11.7.3) en die woord neer.
Die kraai het bedags meestal na die (11.7.1) ... gegaan, maar (11.7.2) ... het hy teruggekom en in sy (11.7.3) ... ingestap. (3)
- 11.8 Hoekom het die broer na sy kamer gegaan en die deur toegemaak? (1)
- 11.9 Wat het hy op die werf gehoor wat hom laat weet het dat die kraai terug is? (1)
- 11.10 Hoe het die broer geweet dat die kraai nou regtig syne is? (1)
- 11.11 Die verteller se gesin het jammer gevoel vir die kraai.
- 11.11.1 Sê of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. (1)
- 11.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 11.11.1. (1)

[20]**OF****OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker****VRAAG 12****LEUENS – CM van den Heever**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

“Ja,” sê Olga, “ek ontmoet nou die dag nog vir Hester, toe gesels ons oor jou. Sy vertel my toe dat jy nou in Johannesburg woon. Dis darem lank laas dat ons mekaar ontmoet het! Wag, laat ek sien. Dis mooi tien jaar gelede dat ons laas met mekaar gesels het. Dit was darem lekker dae saam op die kosskool, nè? Partymaal wens ek dat ons weer van dié dae saam kon belewe. Maar vertel my van jou. Wat doen jou man? Waar woon julle?”

- 12.1 Watter leuen het Naomi vertel? (1)
- 12.2 Verduidelik wat met haar man gebeur het. (1)
- 12.3 Hoe was Naomi en Olga se verhouding op skool? (1)
- 12.4 Naomi se pa is nog finansiële sterk.
- 12.4.1 Sê of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. (1)
- 12.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.4.1 met 'n rede uit die kortverhaal. (1)

Halfdrie! Vieruur moet sy daar wees. Sy het haar al halfdood gesukkel met hierdie rok wat sy self gemaak het en haar lam gespook om haar hare met die primitiewe krulyster tog enigsins in orde te kry.

- 12.5 Waar moet Naomi om vieruur wees? (1)
- 12.6 Waarom sal Naomi se man nooit sukses in sy werk behaal nie? (1)
- 12.7 Hoe sal Naomi waarskynlik op die ou end vir hulle moet sorg? (1)
- 12.8 Kies die inligting uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.8.1 – 12.8.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
12.8.1	Naomi se woonplek	A	Westcliff
12.8.2	Naomi se pa	B	was 'n bekende spesialis
12.8.3	Olga se man	C	was 'n onderwyser
		D	Vrededorp
		E	was 'n boer

- 12.9 Voltooi die volgende sin. Skryf slegs die vraagnommer en die naam neer. (1)
- “ ..., jy het alles van die lewe gekry wat jy begeer het.”
- 12.10 Voltooi die tabel hieronder deur telkens die naam te gee wat by die persoonlikheid pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.10.1 – 12.10.2) en die antwoord neer.

NAAM	PERSOONLIKHEID
12.10.1 ...	leuenaar
12.10.2 ...	idealis

- 12.11 Hoekom, dink jy, vertel Naomi leuens? Gee TWEE redes. (2)
- 12.12 Waarom het jy simpatie met Naomi? Gee TWEE redes. (2)
- 12.13 Watter lesse, dink jy, het Naomi in hierdie verhaal geleer? (2)

[20]

OF

VRAAG 13**TANT NELIE SE VEERPLUIME – Henriëtte Grové**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

Ek hét mos al gesê dat dié einste tante Maré Ursa se voog was. Ja ek meen so. Ursa het by haar grootgeword. Sy was Ursa se tante aan haar pa se kant, en toe albei haar ouers, Jaap en sy vrou Priscilla, kort na mekaar oorlede is, het tant Nelie vir Ursa geneem. Dis nie juis dat sy dit breed gehad het nie – die swart jare het die Marés ook maar gevang – maar Ursa was ’n Maré, ’n bloedniggie, en die spul Marés was altyd vreeslik oor die familie en die naam.

- 13.1 Tant Nelie het elke dag haar veerpluime gebak.
- 13.1.1 Sê of die stelling hierbo WAAR of ONWAAR is. (1)
- 13.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.1.1. (1)
- 13.2 13.2.1 Wat sou Ursula by tant Nelie erf? (1)
- 13.2.2 Waarom wou Kittie dit hê? (1)
- 13.3 Kies uit die onderstaande lysie die TWEE dinge wat Peet Brink en Ursula as kinders saam gedoen het. Skryf slegs die vraagnommer en die letters (A – E) neer.
- A Hulle het saam koek gebak.
 B Hulle was saam op skool.
 C Hulle het saam vir die basaartafels handtertjies gebak.
 D Hulle was saam in die Sondagskool.
 E Hulle het saam in die Maré-opstal ingetrek. (2)
- 13.4 Kies die persone uit KOLOM B om by die name in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.4.1 – 13.4.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
13.4.1	Freek Moss	A	het by Kittie gekuier
13.4.2	Marés	B	Ursa se skoolhoof
13.4.3	Daan Strydom	C	die apteker
13.4.4	Doiwerts	D	Ursa is familie van hulle
		E	die dokter

(4)

- 13.5 Voltooi die tabel hieronder deur TWEE eienskappe van tant Nelie en Ursula se karakters neer te skryf. Teken die tabel in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

	Tant Nelie	Ursula
13.5.1
13.5.2

(4)

- 13.6 Was dit reg van Peet Brink om die resepteboek te steel?

13.6.1 Sê JA of NEE. (1)

13.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 13.6.1. (1)

- 13.7 Watter soort verteller is hier aan die woord? (1)

- 13.8 Wat leer die storie vir ons? (2)

- 13.9 Wat was Stefanie se slotwoorde? (1)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 120